# NUUS / NEWS

*van bl. 1/Josie Collins…*

arriveer hier op die 2de Januarie 2021. As gevolg van Covid maatreëls kan haar kinders haar net help intrek, maar daarna kan hul vir 'n tyd lank net by die heining met mekaar gesels. Reeds vanaf hul eerste kuier so deur die heining vertel sy vir hulle hoe gelukkig sy is en hoe lekker dit vir haar in Huis Kweekvallei is.

Sy neem steeds (kleindruk) boeke uit by die biblioteek, haar gunsteling skrywers is Francine Rivers en Karen Kingsbury. Verder brei sy ook nog.

Op 11 November 2022 vier sy haar 100ste verjaarsdag. Die vieringe begin egter al vroeër in die week, met premier Alan Winde se besoek aan Prince Albert. Op 9 November besoek minister Anroux Marais, premier Alan Winde, minister Sharna Fernandez en burgemeester Linda Jaquet Huis Kweekvallei met blomme en 'n koek om haar geluk te wens, en ook vir haar te sing.

Op haar 100ste verjaarsdag bied hul goeie vriendin Carol Rossouw aan om vir haar 'n partytjie te hou.

So op Vrydag oggend, 11 November, 'n perfekte dag vir 'n tuinpartytjie in die Karoo, kom Josie se familie en vriende bymekaar in Carol en Eugene se prentjie-mooi tuin om Josie se spesiale dag te vier. En wat 'n dag! Haar familie bederf ons met die heerlikste eetgoed en dis 'n vrolike en gesellige saamkuier, met Josie die middelpunt van alles.

Sy is voorwaar vir ons almal 'n voorbeeld met haar positiewe ingesteldheid teenoor en tevredenheid met die lewe. Ons is so bevoorreg dat sy deel van Huis Kweekvallei en ons lewe is.

*from pg. 1/ Little Bridge...*

of respect for the planet Grade R modelled clothes made from recycled materials. Interspersed were acts by Belinda's Dance Group, Rene's Dance Group, singing sensation Lientjie and teachers Elize Fox, Wilma Kellerman, Sheroldene Heyns and Maureen Deelman.

Little Bridge is positioned in the heart of the North End community which it serves. It is a small school with limited space but supported by a dedicated team of teachers. Their main objective is to create a safe, nurturing and compassionate environment, respecting each child. The school operates under a rainbow of happiness with small manageable classes, focussing on nutrition, hygiene and the daily brushing of teeth after breakfast and snack time.

It is essential for the younger generations to be given a fair chance to learn, be able to think for themselves, build self-esteem and ultimately become citizens contributing to the growth of the country. And Little Bridge ECD is the perfect place to start.

**See pages 7 & 8 for photo spreads.**

farr
foundation for alcohol related research

## Vreugdevolle nuus: FARR is terug!

*Christel Botes: Projekkoördineerder, Prince Albert*

Wat 'n vreugde om weer deel van die FARR-projekte en personeel te wees!

Einde Maart 2022 het die *Foundation for Alcohol Related Research* (FARR) die projekplan en werksaamhede, soos ooreengekom met die befondser, afgehandel en die projek moes dus sluit. Ons was baie traag, want daar is nog soveel werk om in die area te doen. Die samewerking en ondersteuning van ons kliënte en ander gemeenskapslede was uitstekend en almal was dit eens: FARR kan nie nou vertrek nie.

Ons deel dus die goeie nuus dat dieselfde befondser, Aware.org, 'n aanbod gemaak het om vanaf Oktober 2022 weer befondsing te verskaf tot en met einde Junie 2023. Daar is 'n moontlikheid dat die befondsingsperiode verder verleng kan word.

Uit ons vorige projekwerk het dit geblyk dat daar in die omliggende areas soos Merweville en Leeu Gamka 'n reuse behoefte aan FARR se gemeenskaps-

**Prince Albert Friend/Vriend**

## Editorial/Redaksie

**Editor/Redakteur:** Barbara Castle,
princealbertfriend@gmail.com
**Layout & Design/Uitleg & Ontwerp:**
**Accounts & Distribution/ Rekeninge & Verspreiding:**
Adele Hattingh
princealbertfriendacc@gmail.com

## Contributors/Medewerkers:

André Goosen, André Smith, Case Rijkwijk, Christel Botes, Denise Ohlson, Dr Richard Dean, Ds. Philip Scholtz, Emmie Willemse, Judith Treloar, Kobus Van Bosch, Linda Havenga, Lydia Barrella, Mari Du Toit, Mary Peddie, Melvin Dirkse, Naaim Briesies, Nicole Wicomb-Jantjies, Reinie Smit, W/O Elsje Frey

## Subscriptions:/ Intekenings:

**Digital:** 11 issues R85
**Digitaal:** 11 uitgawes R85
**OR**
**Post:** 11 Printed issues R300
**Pos:** 11 Gedrukte uitgawes R300
*Paid to: Betaal aan:*
Prince Albert Friend,
ABSA Tak/Branch 334708,
Acc/Rek 9075581210
Please use your name as ref.
Gebruik asb u naam as verwysing

*Please email proof of payment to*
princealbertfriend@gmail.com
Epos asb bewys van betaling na
princealbertfriend@gmail.com

**NO CASH DEPOSITS PLEASE**

## Deadline/Sperdatum

15TH of the preceding month
15DE van die voorafgaande maand

## Editorial Policy

The opinions in this publication are those of the individual authors and not those of the editorial team. All articles are subject to editing for grammar, style and length.

## Redaksionele beleid

Die menings om die publikasie is die van die individuele skrywers en nie die van die redaksie nie. Die grammatika, style en lengte van die artikels is onderworpe aan redigering.

*van bl. 2/FARR is terug...*

werk, soos die Bewusmaking-, Voorkoms- en Gemeenskaps-bemagtigingsprogramme, is. Die projek word dus uitgebrei om nie net Prince Albert nie, maar ook Leeu Gamka en Merweville in te sluit. Ons het dan ook reeds kantore in Prince Albert (Kwikkiestraat 19, Noord-eind, Prins Albert) en Merweville (Pleinstraat 22, Merweville) ingerig.


Die volgende Programme gaan in hierdie dorpe aangebied word:

- FARR se ondersteuning en uitkomsgebaseerde Gesonde Moeder, Gesonde Baba© program waaraan alle swanger vroue deelneem. Dit word in samewerking met die Departement van Gesondheid aangebied en omsluit die Departement se "Eerste 1000 dae van die lewe" program.
  - Gemeenskap ondersteuning:
    - "Knock Knock" Program - Vroeë kinderontwikkelings (ECD) program - wat tuis aangebied word aan moeders en hul voorskoolse kinders.
    - Leerderondersteuningspro-.

*volg op bl.9/...*



*Prince Albert projekpersoneel: kloksgewys vlnr: Christel Botes, Projekkoördineerder; Anquenic Devenish, Gemeenskapswerker en Muschke Hendricks, Gemeenskapswerker.*



*van bl. 6/ FARR is terug...*


gram vir leerders met leeruitdagings wat by die skool aangebied word.
    - Ondersteunings- en opleidingsprogram vir adolessente
    - Ondersteuningsprogram vir bejaardes / senior lede van die gemeenskap

- Gemeenskapsontwikkelings programme:
    - "Het jy 3-minute?"© Bewusmakingsprogram
    - Internasionale Fetale Alkohol Spektrum Afwyking (FASA) dag programme
    - FAStrap© kursus wat verskeie lewens-vaardigheidsmodules insluit
    - Think Twice werkswinkel wat fokus op alkoholgeletterdheid en verantwoordelike besluitneming

- Opleiding en kapasiteits-ontwikkeling vir Professionele persone, soos gesondheids-personeel, opvoeders, maatskaplike werkers en ander NGO lede
- Jaarlikse Alkohol Skade-verminderingseminaar.


Muschke Hendricks is die projekspan se alombekende Gemeenskapswerker in Prince Albert en Anquenic Devenish is die nuwe Gemeenskapswerker in Merweville. Christel Botes is weereens die ervare Projekkoördineerder.

Die span is reeds druk besig om bogenoemde programme te implementeer en ook te verseker dat die gemeenskappe terdeë daarvan bewus is dat "GEEN ALKOHOL IS VEILIG TYDENS SWANGERSKAP NIE".





*FARR se Prince Albert kantoor*



*FARR se Merweville kantoor*

